9. REGLEMENT VIR EENHEID VIR VENNOTE IN GETUIENIS

1. NAAM

Eenheid vir Vennote in Getuienis (Vennote in Getuienis)

2. BENADERING

Getuienis is die wesenlike roeping van die kerk in al haar gestaltes en in haar gerigtheid op die wêreld. As omvattende Woordbediening vloei getuienis voort uit die sending van God Drie-enig (missio Dei) en geskied langs die kanale van verkondiging, gemeenskap, diens en aanbidding. Dit is die getuienis van die heil in Christus en staan in diens van die herstel van die omvattende vrede (sjaloom) in en tussen mense, in gemeenskappe en in die skepping. Getuienis word meestal in vennootskap met gemeentes, kerke en ander instansies gedoen. Met vennootskap word veral ‘n formele, standhoudende verhouding tussen samewerkende partye bedoel en dit word gekenmerk deur wedersydse respek en ondersteuning, medeseggenskap en ‘n gedeelde roeping. Vennootskappe sluit egter ook netwerke, ekumeniese- en ander vorme van samewerking in. Vennootskapsverhoudinge met susterkerke is ‘n doelbewuste stap na groter eenwording.

3. OPDRAG EN BEVOEGDHEDE

Die Eenheid

3.1 se primêre fokus is die ondersteuning van gemeentes in hul roeping tot diens en getuienis, deur middel van programme, toerusting, inligting, skakeling en die fasilitering van vennootskappe met die oog op effektiewe diens en getuienis;

3.2 lewer deur middel van studie, beplanning, inligting, koördinering en begeleiding ’n bydrae tot die uitbou van die getuieniskarakter (missionêre dimensie en -intensie) van gemeentes en die kerkverband;

3.3 beplan, begelei, koördineer en behartig die vennootskappe van die sinodale verband met gemeentes, meewerkende kerke en instansies met die oog op getuienis;

3.4 bou die vennootskapsverhoudinge met die susterkerke in die NG Kerkfamilie uit met die oog op groter kerkeenheid;

3.5 voer die opdragte van die Sinode uit en lewer verslag aan die volgende sinode;

3.6 lewer ’n bydrae tot die effektiewe publieke getuienis van die kerkverband;

3.7 beheer en administreer die sinodale begroting vir Vennote in Getuienis en die fondse

en bates waarvoor Vennote in Getuienis verantwoordelik is;
3.8 neem verantwoordelikheid vir die diensverhoudinge met alle personeel in diens van Vennote in Getuienis asook die pastorale versorging van personeel en hul gesinne; en
3.9 verteenwoordig die NG Kerk Vrystaat in die toepaslike sinodale liggame en in gesamentlike strukture met susterkerke en ander instansies.

4. FUNKSIONERING

4.1.Raad

4.1.1 Die Eenheid vir Vennote in Getuienis word bestuur deur ‘n Raad wat bestaan uit
· ses (6) lede wat deur die Sinode van die NG Kerk Vrystaat benoem word, op aanbeveling van die bestaande Raad;
· die Uitvoerende Amptenaar in adviserende hoedanigheid; en
· ‘n maksimum van drie (3) kundige lede wat in adviserende hoedanigheid vir spesifieke werksaamhede/take koöpteer kan word.

4.1.2 Gedurende die reses tussen sinodesittings word vakatures op die Raad gevul met persone wat deur die Moderamen, op aanbeveling van die Raad vir Vennote in Getuienis, aangewys word.

4.1.3 Die Raad tree op as beherende instansie vir die Eenheid vir Vennote in Getuienis. Dit gee visionêre leiding, beplan strategies, prioritiseer werksaamhede, keur die interne begroting goed, koördineer die werksaamhede van die taakspanne en vennootskappe, neem verantwoordelikheid vir die diensverhoudinge van personeel in diens van Vennote in Getuienis en lewer verslag aan die Sinode.

4.2.Taakspanne, Projekspanne en Vennootskappe

‘n Verskeidenheid van Taakspanne (staande komitees), Projekspanne en Vennootskappe neem verantwoordelikheid vir die verskillende arbeidsterreine, programme of projekte, met verslag aan die Raad. Elk van die strukture word gevorm na die eis van die praktiese omstandighede en sluit doelbewus verteenwoordigers van die susterkerke of meewerkende partye in.

4.3.Uitvoerende amptenaar

Die Uitvoerende Amptenaar van die Eenheid vir Vennote is ‘n gelegitimeerde leraar van die NG Kerk wat uitvoering gee aan al die opdragte van die Raad van die Eenheid vir Vennote

in Getuienis en die werksaamhede van die eenheid koördineer. Hy/sy lewer verslag van werksaamhede aan die Raad.

5. KONSTITUERING EN VERGADERINGS

5.1 Die Raad van die Eenheid vir Vennote in Getuienis konstitueer na elke gewone sinodesitting.
5.2 Die Raad vergader ten minste vier (4) keer per jaar.
5.3 Die taakspanne, projekspanne en vennootskappe vergader soos nodig.
5.4 Verteenwoordigers van die taakspanne, projekspanne en vennootskappe kom een (1) keer per jaar saam vir gesamentlike besinning oor die werksaamhede.